



TOULEIER



Varkvleis, drank en streelpaleise in Lapkopland

Hallo julle,

Sit en luister tans bietjie na die strelende musiek van Dianna Krall en Nora Jones, gemeng met 'n bietjie Leonard Cohen en Mark Knopfler (destyds van Dire Straits) met 'n ham-en-kaas toebroodjie in die een hand. Ja jy het reg gelees, HAM en kaas, dit hier in Lapkopland!

Party sal onthou van hoe ek vertel het hoe mens wettiglik drank bekom hier in Katar. 'n Hele proses van lisensiëring waar jy 'n deposito van R2000 moet neersit, 'n brief kry van jou werkgewer en dan 'n lisensie. 'n ID met jou foto op word uitgereik wat 'n jaar geldig is.

Daar is ook net een afsetpunt in die industriële gebied en net jy mag ingaan om te koop. Kamermaatjie moet in die motor sit en wag. Daar is darem 'n wye verskeidenheid drank, onder meer van Suid Afrika en jy kan van Boschendal Shiraz tot 'n bottel vyf Jaar KWV of self 'n bottel Amarula koop.

Die aankoms van varkprodukte het laas jaar net voor Krismis gebeur en raai waar kan mens nou vark koop? By een en dieselfde en einste 'bier *souk*' waar jy jou drank koop! Die woord *souk*, uitgespreek soek, is die algemene woord in die Midde-Ooste as verwys word na 'n markarea of informele winkelkompleks.

Nou, ja die stormloop en toeloop na die bier *souk* het nou eers begin afneem en 'n mens kan selfs spesiale aanbiedings daar kry, van 'n gratis pakkie gestrepte spek of Britse varkworsies saam met jou aankope van 'n vars rou varkboud. Of wat van 'n lekker salami uit Italië?

Mohammed draai in sy graf om. Nie te goedkoop nie. 'n Mens betaal sowat R150 vir 'n kilogram varkboud.

Streelpersele

Siende dat ek nou so lekker uitbrei oor die sondes van Sodom en Gomorra, kan ek netsowal vertel van die streelpersele hier. Eintlik streelpaleise. Luuks en eksklusief. Eksklusief vir of vroue of mans. Amper netsoveel van hierdie goed hier rond as wat daar moskees is. Geen wonder die imam moet so hard en dringend roep na die manne nie, die versoeking om daar in te spring bly seker maar groot.

Kyk, ek is self baie lief vir so 'n gereelde strelingsessie om die stres weg te vryf, maak nie 'n fout nie. Van Taiwan tot Thailand het ek hulle al almal probeer, maar hier in Doha het ek die streep getrek.

Ek weier dat 'n man my moet masseer. Dis hulle wet hier. Mans doen mans, vrouens doen vrouens, dis die wet hier en word streng toegepas. Nee dankie, hou verby.

Dit, en dat 'n Sjinese meisie my ooit weer masseer. Die skreefogies glo mos sonder pyn is daar nie vordering nie. Hoe seerder jy kry, hoe beter. Kleinsierig is ek nou nie juis nie, maar 'n masochis ook nie.

My smaak lê egter by die Indonesiërs. Hulle het respek vir 'n ou mens en 'n man. Hulle weet waaroor dit gaan. Jy raak sommer maklik aan die slaap so onder die behandeling deur.

Die Thai meisies is ook nie ver agter nie. Al wat my daar by hulle bietjie afsit is die dat jy plat op die vloer moet lê op so 'n ou dun matjie. Die grond toe ganery en weer opstaan is nie maklik vir so 'n statige en groot ronde man soos ek nie.

Terug hier in Doha. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg en nie 'n honderd jaar later nie of ons het uitgevind dat van die meisies uit die Filippyne wat hier in die skoonheid-salonne werk, bereid is om in die privaatheid van jou huis te kom streef. Vang hulle die arme goedjies, is dit natuurlik nag vir jou. So, die reëlings vir hierdie heel onskuldige aktiwiteit moet maar met groot omsigtigheid getref word.

Wag, daar lui die deurklokkie nou juis. Sy is hier. Tyd vir bene en boude ontspan, praat weer later.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Die VROU is die MAN se beste vriend

'n Vrou is die man se beste vriend.

Sy sal hom beskut as hy onseker voel en hom vertrous as hy 'n slegte dag gehad het.

Sy sal hom inspireer tot dinge wat hy nooit gedink het hy kan doen nie; om sonder vrees te lewe en te vergewe en vergeet.

Sy sal hom in staat stel om sy diepste emosies te verwoord en sal ingee tot sy intiemste begeertes.

Sy sal seker maak dat hy altyd voel hy is die mooiste man in die kamer en sal sorg dat hy vol selfvertroue, sexy, verleidelik en onoorwinlik is.

Nee, wag, laat ek bietjie meer hieroor dink . . .

Jammer, ek dink aan Klipdrift brandewyn.

Dis Klippies wat al daai dinge aan 'n man doen.

Jammer.



Pure Neef

Idiote in aksie (3)

'n Britse koerant het sy lesers gevra om idiotiese gebeure in te stuur. Hier is nog een van hulle:

Ek woon in 'n halfplattelandse gebied.

Een van ons nuwe bure het die snelweg-owerhede gebel en gevra dat die padteken wat waarsku teen diere wat oor die pad gaan, verwyder word.

Sy het gesê te veel diere word op daardie deel van die pad raakgery. Sy dink nie dis 'n goeie plek vir hulle om die pad oor te steek nie.

Bruikbare wenke oor VROU

1. Vroue haat goggas. Selfs die vroue met 'n sterk wil het 'n man nodig as daar 'n spinnekop of 'n perdeby betrokke is.

2. Vroue besoek altyd die openbare geriewe in groepies. Dit gee hulle kans om te skinder.

3. Vroue dink alle soorte bier smaak dieselfde.

4. Vroue is verslaaf aan telefone. Nadat sy drie weke by 'n vriendin gekuier het, sal sy haar bel en drie uur lank gesels.

5. Alle vroue is per definisie oorgewig. Moenie daarvoor argumenteer nie.

6. Alle vroue is per definisie oorgewig. Moenie daarvoor saamstem nie.

HONDE

Wil jy 'n stok hê?



'n Ou sokkie?

JA!
JA!

JA!
JA!

Wat van 'n klip?

JA!
JA!

'n Dooie rot?

JA!
JA!

KATTE

Sal jy hou van ingevoerde gerookte salm met room?



Ek sal bietjie daarvoor dink.

"Die kerk is naby, maar die pad is glad gevries. Die kroeg is ver, maar ons sal versigtig loop." - Russiese gesegde.

"Hoekom luister ons na seksadvies van die pous? Hy behoort niks daarvan te weet nie." - George Bernard Shaw.



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Meer Afrikaners hou van gaalkat loop

FEIT



LIDMAATSKAP van Suid-Afrika se Naturalistiese Federasie (Sanfed) het gestyg van 130 mense in 2009 tot 8,000.

Openbare naaktheid is nie wettig in die land nie, hoewel dit al dekades lank op sekere strande oogluikende toegelaat word.

"Die algemene benadering van die vorige regering was baie konserwatief, maar dit het verander sedert die geïsoleerde land in 1994 demokraties geword het," het Carrington Laughton van Sanfed gesê.

Sowat 'n kwart van Sanfed se lede is swart en die meeste van die wit lede is Afrikaners. Tot 60% is mans.

Van die somerbesprekings kom 79% van Europa, maar Suid-Afrikaners sluit in toenemende getalle aan.

Amerikaner het stywe saak teen BMW

FEIT

ONS het al gewoon geraak dat Amerikaners vir enigiets dagvaar en meestal die saak wen, maar hierdie een vat die koek:

'n Man van San Francisco dagvaar die vervaardiger BMW en voer aan dat een van die maatskappy hom met 'n twee jaar lange ereksie gelaat het.

Die *Huffington Post* het berig dat Henry Wolf eis dat hy met 'n ernstige geval van priapisme - 'n volgehoue, lankwerkende ereksie - gelaat is.

Dit het gebeur nadat hy twee uur lank op sy 1993-model BMW-motorfiets gery het.

Hy skryf dit toe aan die "rif-agtige sitplek op sy motorfiets, wat neerkom op 'n agtelosige ontwerp deur die maatskappy." Hy het sy pynlike kondisie op 1 Mei 2010 opgedoen.

Die koerant sê Wolf voer aan hy is nou nie "in staat om seksueel aktief te wees nie, wat aansienlike emosionele en geestelike foltering veroorsaak."

Hy dagvaar vir die verlies aan inkomste, emosionele stres en aanspreeklikheid.

Die uitspraak is nog nie bekend nie.

KAMMANUUS dink mnr. Wolf sal seker 'n stywe dop of twee steek as hy die saak wen.

Bittere droogte in die Karoo

FABEL

DIT was die vyfde jaar van 'n bittere droogte in die Karoo. Die boer het met 'n bottel brandewyn en sy hond as enigste geselskap op die stoep gesit en sy lot bekla.

"Ja," sê hy vir hond. "Eers het my mielie-oes misluk, en toe die lusernoës," en hy skink 'n dop.

"Toe het my beeste van die honger en dors gevrek, want die boorgate het leeg geloop. En toe vrek my skape. En die reent het weggebly, maand ná maand, jaar ná jaar," en hy skink weer 'n stywe dop.

"Toe het my seun en sy vrou en al my plaasvolk die pad gevat. Ons het van aalmoese begin leef en net een keer op 'n dag geëet," en hy gooi nog 'n dop.

"Verlede week het my vrou ook die pad gevat. Sy het by haar boer op die dorp ingetrek omdat sy die plaaslewe nie meer kan vat nie." En teen dié tyd is die bottel brandewyn al op sy laaste. Met dié gewaar hy 'n helikopter in die lug wat deur landbou-tegeniese-dienste gestuur is om 'n opname vir droogtehulp te maak.

Sê die boer meewarig aan die hond: "En daar f-k-f my laaste windpomp ook nou."

Nuwe Japanse mode



FEIT

NUUS uit Japan is dat hierdie rompe glo hoogmode geraak het.

Nou is daar 'n waarskuwing aan Suid-Afrika gestuur dat die kettinggroep Edgars glo van plan is om die rompe ook na Suid-Afrika in te voer.

Hierdie is dus 'n boodskap aan al KAMMANUUS se mannelesers wat gevaar kan loop om te struikel of in pale vas te loop as hulle dit sien: Die meisies dra regte, bedekkende rompe – die "res" is opgeverf!



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



"Eendag was daar drie varkies. Ek het hulle opgevreet. Slaap nou!"

KAAPSE TAXI

'n Baie vroom Moslem klim in 'n Kaapse minibus-taxi en vra die bestuurder om asseblief die radio af te sit.

Volgens sy geloof mag hy nie musiek hoor nie. In die tyd van die profeet was daar geen musiek nie. Veral nie Westerse musiek nie en geen radio's nie - dis vir die ongelowiges.

Die bestuurder skakel toe die radio beleefd af, stop die taxi en maak die deur oop.

"Hei, wat maak dji nou?" vra die Moslem.

Die bestuurder antwoord: "Lyste', innie tyd vannie profeet was daar nie taxi's nie, ve'staa' dji? So kry djou gat yt my taxi yt en dan staa' en wag dji vir 'n fokkin kameel!"

SLEGTE SPYSVERTERING

'n Plaaslike kunstenaar het 'n eenmanuitstalling gehou en het in die galery rondgestap om te hoor wat mense van sy skilderye dink.

'n Bejaarde dame het lank gestaan voor 'n doek wat met groot hale pers en grys verf bedek was, met geel kolle en hier en daar 'n lemmetjiegroen streep.

Die kunstenaar het na haar oorgestap: "Wat dink u daarvan?"

"Wel, ek is bevrees ek verstaan dit nie," het sy geantwoord. "Wat is dit veronderstel om te wees?"

"Dame," het hy uit die hoogte gesê, "ek skilder net wat binne-in my is."

"O," het sy gesê. "Het jy al Eno's of Rennies probeer?"

PYLE IN DIE PAD

Die motor was besig om in 'n eenrigtingstraat teen die verkeer te slinger toe 'n spietkop hom aftrek.

Dit was duidelik dat die bestuurder 'n hele paar glase van die verkeerde soort verversings agter die blad het.

"Meneer, wat maak jy? Weet jy dis 'n eenrigtingstraat?"

"Nee, offisier. Ek's vreemd hier, ek weet nie watter soort straat dit is nie -hik-."

"Het jy nie eers die pyle gesien nie?"

"Pyle? Pyle? Jinne offisier, van watter pyle praat jy? Ek het nie eers die Indiane gesien nie!"

HOFSAAK

Die man bel sy prokureur en vra:

"Met al die hofsake wat aangaan wil ek deel van die aksie word. Ek hoor mense dagvaar sigaretmaatskappye omdat hulle kanker gekry het.

"Ander dagvaar McDonalds omdat hulle vet geword het."

Prokureur: "En waar pas jy in?"

Man: "Ek wil weet of ek Klipdrift kan dagvaar vir al die lelike vroue saam met wie ek in die bed geklim het."

ANDY CAPP deur Smythe





Duskantlanders in Anderkantland

In Egipte ry jy nes jy wil!

Deur ANETTE LENK

Ons woon al 'n ruk in Egipte. Miskien kan die Duskantlanders 'n bietjie leer hoe om verskoning te maak en die skuld te verskuif. Almal beduie gou vir jou dat voor die rewolusie (25 Januarie 2011) was alles anders, perfek en ordelik. Nou, ná die rewolusie, is dit chaos en maak almal net soos hulle wil.

In dieselfde asem vertel hulle weer hoe sleg die regering was voor die rewolusie en hoe korrup alles was en hoe wonderlik die rewolusie was en hoe goed die lewe nou is. Ek is al lekker deurmekaar.

Ek moet erken hier was geen polisieman in sig in die eerste maand van ons tyd hier nie en die verkeer was chaoties. Twee weke gelede het die polisie skielik uit hul vel gekruip en dis steeds chaoties ... maar met 'n klein bietjie meer orde, as jy verstaan wat ek bedoel. Die eintlike reël hier is "ons maak soos ons wil" veral op die paaie!

Op pad werk toe moet ek en manlief op 'n gedeelte van die Ismailia snelweg klim. Jy ry van die werk af tot jy 'n omdraaibordjie sien in die vinnige baan, wat natuurlik in SA die verkeerde kant is, en dan draai jy terug en ry soos jy gekom het tot jy by die afrit van die werk kom.

Om op die snelweg te kom is dus soos om in die middel van die motorresies op Kyalami halfpad in te sping! Jy maak dus jou oë toe, druk die toeter, en dan gaan jy!

Daar is wel drie bane maar soms, net om dit 'n bietjie meer ekonomies te maak, is daar vier! Jy hoef nie jou flikkerligte te gebruik nie want dit maak nie geraas nie, gebruik eerder jou toeter Almal bestuur met stuurwiele en toeters en vergeet van die res! As ons in Kaïro die stad moet ingaan, huur ons gewoonlik 'n drywer want die spaghetti-paaie en hopelose verkeersreëls werk te veel op ons senuwees.

Voor ons villa is 'n redelike besige pad. Iemand, miskien was dit die rewolusie se skuld, het gesê daar moet spoedbulte wees en bulte van verskillende hoogtes en groottes het orals hul verskyning gemaak.

Skuins voor ons is dus die koning van spoedbulte - lekker hoog, groot met lelike riwwe wat net dieper word met die tyd. Ek moet net noem daar is geen waarskuwingsbord of lig nie. Elke aand hoor ons hoe motors volspoed jaag, histeriese remme, en dan die verwagte "bang-bang" en skuurgeluide!

Ek is seker ons hoor die bypassende kommentaar ook, maar dis in Arabies. Dis soos om vir die weer te kyk, jy sien die bliksemstraal en wag vir die donderslag! Ons maak soos ons wil hier in ons buurt. As jy weet die omdraai is 'n bietjie te ver, ry jy sommer teen die eenrigting want jy wil petrol spaar. Jy weet, ons betaal amper 'n volle R100 vir 'n vol tenk . . . ons moet bespaar!!

Ons drywer het nou die dag in die laatmiddag verkeer van Kaïro vinnig moes rem, maar het darem ook sy noodligte aangesit. Die taxidrywer agter hom het natuurlik weer gesit en die rewolusie en stakings bespreek en glad nie sy oë op die woelige verkeer gehad nie en so lekker tot teenaan ons tot stilstand gekom!

Dit was behoorlike 'n harde slag en ons het verwag om 'n gebreekte agterstelsel te sien! Hy klim toe uit sy taxi en begin toe dadelik skree op ons drywer... asof ons drywer die motor in trurat gehad het en teruggejaag het in hom in!

Ons drywer was nie links nie en hy het maar lekker saamgeskree. Dit het seker baie lekker gelyk want ander het uit hul motors geklim en sommer vir die pret ook saamgeskree!

Soos een man draai almal terug om na die skade te kyk...en....doodse stilte ...nie eens 'n duikie nie! Asof niks gebeur het nie klim almal toe maar terug in hul motors en so gaan die spagetti trein voort ...ek het wel 'n engel gesien wat sy duim wys en glimlag!!

Maar soos ons in Egipte sê: "Maleish!!" (Don't worry, it's okay.) Dit is amper soos ons Suid-Afrikaanse "Eish" maar ook nie heeltemal nie!

Wat het die jong Koning Toet gesê nadat hy 'n nagmerrie gehad het?

"Ek wil my mummie hê!"



Petalje met 'n mooi jong locum

Deur **MARNUS STEYN**

Ons gesin ondersteun Dr. T. reeds vir 36 jaar. Soos ek na sy spreekkamer loop, dink ek hoe jonk hy destyds was. Hy stap ook aan in ouderdomsleë.

Tot my verbasing sit hy nie agter sy lessenaar nie. Ek bekyk die blonde meisie in sy stoel. Sy sê ek kan maar sit.

Dit lyk of sy pas matriek geskryf het.

"Ek staan in vir Dr. T, wat met vakansie is. Hy sal weer in Januarie terug wees", sê sy. Sy stel haarself voor as Dr. C.

Skielik kry ek so 'n jakkalsstreek in my kop.

Ek komplimenteer haar dat sy op so 'n "skynbare" jong ouderdom al 'n dokter is. Tweedens dat sy pragtig lyk en dat haar klere so mooi met haar hare saamgaan. Ek hou aan om haar met die heuningkwas by te kom.

Ek maak ook spesiale melding van haar goed versorgde naels en dat hulle kort is. Sy geniet die vleitaal wat ek oor haar voorkoms uiter. Watter vrou sal nie?

"Kan ek Oom help?"

My plan van aksie se wiele begin loop.

"Dokter, ek het gekom vir my jaarlikse prostaatondersoek."

Haar mooi wit gelaat begin om stadig al donkerder te word. 'n Verkleur-'vroultjie'. Ek glo my aanmerkings oor haar naels het soos 'n donderstorm in haar kop gemaal.

Ek kyk ernstig in haar blou oë. Sy lyk ongemaklik. Voor haar sit 'n ou man, gryskop en 67 jaar oud. Geen sweempie van 'n glimlag op sy gesig nie. Hierdie oubaas is ernstig. Daar is nie uitkoms nie. Daar is 'n doodse stilte, net 'n gestaar na mekaar.

Ek besluit om haar uit haar penarie te verlos.

"Dokter, eintlik is hier vir 'n herhalingsvoorskrif vir my chroniese medikasie. Jy sal al die inligting in die lêer kry."

Ek begin lag.

"Bliksem Oom, dit was nie snaaks nie!"

Die jong Arabier

Die jong Arabier vra sy pa:

"Wat is hierdie vreemde hoed wat ons dra?"

"Dis 'n chechia en in die woestyn beskerm dit ons teen die son."

"En hierdie soort klere wat ons dra?"

"Dis 'n djbellah en beskerm ons lywe in die woestyn teen die son."

"En hierdie aaklige skoene?"

"Dis babouches en keer dat ons voete nie op die warm sand brand nie."

"Maar pa, hoekom dra ons al hierdie str*nt as ons in Melbourne bly?"

DIE MOTORONGELUK

Daar is 'n motorongeluk en 'n jong man is vol selfvertroue.

"Staan weg!" skree hy vir die samedrommers.

"Ek het my noodhulpkursus by Die Voortrekkers geslaag en ek is besig met my paramediese studies!"

'n Vrou staan toe nader, en sê: "Goed, as jy by die punt kom waar jy sê hulle moet 'n dokter roep: ek is reeds hier."



Ek glo nie juis in
fortuinvertellers nie,
maar hierdie een
weet waarvan sy
praat:

"Jy sal arm wees
en hard werk tot
jy vyftig is!"

"Ja en dan?"

"Dan sal jy
daaraan

gewoond raak!"



Deel 19

Ons lugmag foeter die vyand op



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van die lugmag se grootste oorgrens-operasie.

Dit raak later skemer, dit was in die vroeë lente van 1986. Jy kan aanvoel iets is aan die gebeur. Die petroltenks is met valskerms vasgemaak in die Dakota, en alles raak rustig in die kamp.

Teen ongeveer 02:00 hoor ons hoe van die eerste vliegtuie bulderend begin raas en warm maak. Hard, dan sag, dan hard, dan sag. Jy's bang, en opgewonde en jy kry hoendervleis, want jy weet nie wat om te verwag nie.

Ons verneem die recces het hulle posisies bereik, en so ook die voetsoldate. Almal het Harare, Lusaka en Gaborone se lugmagbasisse bereik en sonder enige probleme omsingel sonder dat enige van ons gesien is.

Drie Impala MK2 vegvliegtuie styg saam met die bomwerpers op. So ook die DC-3's met die petroltenks om af gooi sodat die recces ná die operasie kan terugkeer. Die nag raak weer stil nadat al die vliegtuie vertrek het.

Die lugmag, infanterie en recces werk saam in die ops. Almal is op hulle plek en die doel is om die drie lande se lugmagbasisse te vernietig en terug te keer – om hulle te waarsku om op te hou landmyne plant en onskuldige mense dood te maak.

Indien mense uit hulle basisse sou vlug, sou hulle doodgeskiet of gevangene geneem word. So ook sou voetsoldate en recces ook militante weerstand die hoof moes bied. FICZ Mirage vliegtuie staan teen 03:00 skuins agter mekaar gereed vir opstyg. Hulle is swaar gelaai.

Teen dié tyd het die Canberra's, DC-3's en Impala-vegvlvliegtuie reeds hulle bestemming bereik. Dit is belangrik dat die Canberra's hulle bomme perfek op hulle teikens moet gooi om sodoende nie van ons eie manne op die grond te beseer nie of dood te maak nie.

Niemand tel ons op radar op nie. Daardie tyd het ons die beste lugmag - of die beste weermag in die wêreld - gehad vir die grootte van ons land in vergelyking met ander lande. Israel was uiteraard ook militêr baie sterk.

Bomme word afgegooi op Harare, Lusaka en Gaborone. Twee basisse word geheel en al vernietig. Lusaka en Gaborone het die meeste verliese gely. Van die ander lande

”

Daar is geen weerstand nie en almal vlug en soek skuiling.

se soldate word deur die recces en ons voetsoldate doodgeskiet. Daar is geen weerstand uit Botswana en Zambië nie en almal vlug en soek skuiling.

Die vlieëniers in die Impalas het ook grondkontak gehad met elke land se lugtorings. In Harare is baie skade aangerig, maar een aanloopbaan is ongedeerd. 'n Mig 21 en hul nuwe Mig 29 gaan op hulle aanloopbane om ons vegvliegtuie te agtervolg. Terwyl hulle gereed maak om op te styg word ons FICZ vlieëniers ingelig om gereed te maak om op te styg.

Hulle almal staan op die aanloopbaan en raas so dat dit voel of alles onder jou aan't bewe is. Lang blouwit vlamme skiet agter hulle uit en drie styg op vir die slag.

Die vlieënier (soos later aan ons gerapporteer is) laat weet die Zimbabwiese lugmag dat ons bewus is dat hulle wil opstyg met hul vegvliegtuie, maar dat ons hulle inwag en gereed is met FICZ vegvliegtuie.

Ons lugmag was gevrees deur ons buurstate en ons het van die bes opgeleide vlieëniers in die wêreld gehad.

Nadat Harare se lugmagbasis ingelig is, draai die MIG 23's en 29's om. Hulle is nie bereid om teen ons lugmag in die lug te baklei nie. Ons Mirage-vliegtuie keer ongedeerd terug en so ook al ons manne en ander vliegtuie.

Sulke tye voel jy weer trots op die goeie intelligensiewerk wat gedoen was, die akkuraatheid en beplanning vir 'n Ops - iets wat vandag nie meer aan die orde van die dag is nie.

As ek reg onthou was 'n stuk of drie van ons soldate beseer, maar nie ernstig nie.

Die oorsensitiewe vrou

(en hoe om die situasie nie te hanteer nie)

**Hierdie artikel het in 'n koerant verskyn,
geskryf deur ene Jan.**

Dis belangrik dat mans onthou dat, soos hul vroue ouer word, hulle sukkel om dieselfde gehalte huishouding te handhaaf as toe hulle jonger was. As jy dit oplet, probeer om nie op hulle te gil nie. Sommige van hulle is oorsensitief, en daar is niks erger as 'n oorsensitiewe vrou nie.

Laat ek julle vertel hoe ek die situasie met my vrou, Katrina, hanteer het. Toe ek 'n paar jaar gelede afgetree het, het dit nodig geword dat Katrina 'n heeltydse werk saam met haer deeltydse werk moes aanvaar vir die ekstra inkomste en ons gesondheidskoste. Net nadat sy begin werk het, het ek gesien haar ouderdom begin wys.

Ek kom gewoonlik van die gholfklub af omtrent dieselfde tyd as wat sy van die werk af kom. Hoewel sy weet hoe honger ek is, wil sy amper altyd 'n halfuur of so rus voordat sy begin kosmaak.

Ek gil nie op haar nie, ek sê sy moet haar tyd vat en my wakker maak as die kos gereed is. Ek eet gewoonlik middagete by die gholfklub, so ek dink nie dis onredelik om een tuisgemaakte ete per dag te verwag nie.

Sy het gewoonlik net ná ete die skottelgoed gewas, maar nou is dit nie ongewoon dat die tafel ure lank vol borde en bakke staan nie. Ek probeer haar so diplomaties as moontlik sê dat hulle nie hulself sal was nie. Ek weet sy waardeer dit, want dit motiveer haar skynbaar om die opwaswerk te doen voor sy bed toe kom.

Nog 'n simptoom van ouderdom is kla. Sy sal byvoorbeeld kla dat sy sukkel om die maandelikse rekeninge in haar etensyd te betaal. Maar julle weet ons trou vir botter of vir wors, so ek glimlag net en moedig haar aan.

Ek sê sy kan die betalings oor twee of drie dae skeduleer. En omdat takt een van my sterkpunte is, moedig ek haar aan om so nou en dan middagete vir haar eie beswil oor te slaan.

Sy het baie meer rusperiodes nodig wanneer sy eenvoudige takies uitvoer, soos wanneer sy net halfpad is om die gras te sny. Ek sê dan sy moet vir haar 'n groot glas vol koue lemoensap skink, en somer vir my ook, terwyl sy besig is.

Ek weet ek klink seker soos 'n heilige met die manier waarop ek Katrina ondersteun. Ander mans sal dit moeilik vind. Niemand weet beter as ek hoe frustrerend dit is as vroue ouer raak nie.

Manne, as julle net 'n bietjie meer takt sal gebruik en minder kritiek sal kwytraak, sal hierdie artikel van my al die moeite werd wees. Ons is in elk geval op hierdie aarde om mekaar te help.

REDAKTEUR SE NOTA

Jan het op 7 Februarie skielik aan 'n geperforeerde rektum gesterf. Die polisieverslag sê hy is gevind met 'n ekstra lang Calloway Big Bertha Driver II gholfstok wat in sy agterent opgedruk was. Net vyf duim van die gholfstok het uitgesteek, en daar het ook 'n voorhamer gelê.

Katrina is in hegtenis geneem ek aangekla van moord. Die vrouejurie het haar binne tien minute onskuldig bevind.

Hulle het haar verdediging aanvaar dat Jan per ongeluk op sy gholfstok gaan sit het.

DIE SINGENDE DIVA

Daar is 'n middeljarige vrou op die dorp wat versot was op sing – in die kombuis, die badkamer, die slaapkamer, oral. Maar elke keer as sy begin sing, stap haar man uit op die balkon.

Sy voel sleg en vra hom toe: "Hou jy nie van hoe ek sing nie?"

Hy sê: "Nee, dis nie dit nie. Ek staan net buite dat die bure kan sien ek's nie besig om jou te moer nie!"



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

NOG 'N RESEP VIR SKAAPAFVAL

(Van Peter ontvang as tradisionele "E&J radio-resepte"!)

- 1 skaapafval, skoongemaak
- 1 liter water (4k)
- 12,5 ml botter of margarien (le)
- 2 uie, gekap
- 10 ml kerriepoeier (2t)
- 5 ml borrie (1t)
- 5 ml sout (1t)
- 10 ml suiker (2t)
- 12,5 ml asyn-opsioneel (le)

Mielieblom, aangemaak met 'n bietjie water. Plaas die afval in 'n kastrol, voeg die water by en plaas die deksel op. Laat die vleis opkook en skep dan die skuim wat bo-op vorm af. Kook die afval ongeveer 4 tot 6 uur oor lae hitte. Vul die water aan indien nodig. Voeg die sout en asyn, asook die uie en aartappels by, en laat dit met die deksel op prut totdat die aartappels gaar is. Skep die oortollige vet af. Verdik die sous met aangemaakte mielieblom.

IN 'N DRUKKASTROL

Kook ongeveer 45 minute lank in 'n drukkastrol. Die gaarmaaktyd van afval hang af van die ouderdom van die skaap. Kyk liever gereeld hoe sag die afval al is, ook wanneer dit in die drukkastrol gaargemaak word, anders kook dit dalk te pap. Smelt die botter of margarien en soteer die uie daarin totdat dit deurskynend is. Voeg die kerriepoeier en borrie by en braai dit effens. Voeg die uie en aartappels by die afval, strooi die sout oor en voeg die suiker by. Roer dit goed deur. Kook dit totdat die aartappels gaar is. Proe, en voeg nog geurmiddels na smaak, asook die asyn, by. Verdik diesous met mielieblom indien nodig.

STAMBOOM

BRITS johanbritz2005@yahoo.com

Oupagrootjie: Willem Jacobus Brits, getroud met Elizabeth Jacoba van Eden/Eeden?
Oupa: Louis Pieter Brits, getroud met Johanna Dorothea Espach. Balfour Transvaal.
Enige inligting ivm bogenoemde welkom.

DU PLESSIS sorienschemel@gmail.com

Ek is op soek na meer inligting oor Monty en Ellen du Plessis. Het geen geboorte datums ens. nie.

DU TOIT mona@wcnitel.co.za

ENGELBRECHT steenkampnette1@gmail.com

Op soek na meer inligting oor Petrus Johannes Gerhardus Engelbrecht (1872 - 1922).
Was getroud met Christina Maria Greeff.

ESTERHUIZEN f.est@lantic.net

Noord-Kaap gebore. My pa was Buks Esterhuizen

GOUWS Juliana18@mweb.co.za

Ek is op soek na familie van my moeder. Haar name was Johanna Hendrina (Hannetjie) Hudson. Sy is getroud met Jannie Kasselmann. My ouma se name was Hendrina Johanna Hudson en my oupa se name is ek nie seker van nie (Andrew William Hudson). Hy het op die spoorweë gewerk in Heilbron in die Vrystaat. My ma het 'n suster (Sarie) wat in Kempton Park gebly het ongeveer 20 jaar gelede. Het enige iemand dalk meer inligting oor die Hudson familie.

KILLIAN f.est@lantic.net

Soek informasie oor Dora Killian van De Aar. Op 24 April 2012 was sy tagtig jaar oud. Wil graag met haar kinders kontak maak. Wil 'n skyfievertoning met foto's vir haar maak.

LIEBENBERG sorienschemel@gmail.com

Enige inligting oor die stamvader asook Willem schalk Liebenberg getroud met Alwina Petronella van den Bergh.

LE ROUX carol.sas@cybersmart.co.za

Soek inligting oor die Botrivier stamboom.GSP en afstammeling.

MONTGOMERY wilsenach@gmail.com

Family of John Montgomery 1820 settler.



**Blaai verby
AGTEROS vir nog**



AGTEROS

Net voor uitspantyd



"En ek wag. En niks gebeur nie. Die Drakensberg kom nie te voorskyn nie."

Deur **FRED BERGH**

Vandat ek in die vyftigerjare op die lyn tussen Glencoe en Volksrust begin werk het, het ek by verskillende geleenthede stories gehoor oor die spooktrein wat dan sou geloop het tussen Charlestown en Ingogo, twee stasies op hierdie lyn, aan die bokant en onderkant van die Majuba pas onderskeidelik.

Sommige stories het gehandel oor 'n hooflig wat snags reg van voor op jou afstorm en as jou hart jou reeds byna begeef het van skok en vrees en afgryse, dan kom jy agter daars niks – geen trein nie, geen lig nie. NIKS. Net 'n leë bôggerôl. Ander weer wou dit hê dat jy hier langs jou die oorverdowende gerammel van treinwiele hoor terwyl daar geen trein is nie.

Nog ander weer dat jy die ligte van die rytuie van 'n aankomende passasierstrein op 'n draai sou waarneem wat op dieselfde lyn as jy is en nadat jy vir skoon onderklere gesoek het en niks kon vind nie, en ook nie die trein wat jy gesien het nie, het jy maar weer voortgegaan. En gesweer jy skrik nooit weer so groot vir koue pampoen nie.

Sulke klas stories het die rondte gedoen en ek, soos so baie ander van my kollegas, het my nooit daaraan gesteur nie. Ek het altyd gedink dis nou sommer 'n groot klomp tjol, bangmaakstories, snert.

Tot een aand vroeg in April 1972.

Dit is 22:15 en my trein word binnegeleat op die regterkantse uitwykspoor by Mt Prospect, 'n kruisplek in die GVB-gebied tussen Newcastle en Volksrust.

Dis 'n pragtige, skoon herfesaand en die uitsig is uitstekend. Ek verminder spoed en bring die trein tot stilstand ongeveer 7 meter vanaf die sinjaal wat my toegang tot die wissels en die lyn na die volgende trajek versper. Dit vertoon 'n rooi aspek (lig).

Sommer gou het ek die noodsaaklike paar takies, wat verband hou met so 'n stilhou, afgehandel en ek skakel die kajuitlig af en wag. Ek skakel nie met die GVB kantoor op Newcastle nie omdat dit haas tyd is vir die "groentrein" om te kom en ek weet dat my trein om hierdie rede uitgekeer was sodat ek hierdie trein kon kruis.

Die "groentrein" was 'n luukse trein, die Drakensberg, wat twee keer 'n week geloop het tussen Johannesburg en Durban en Durban en Johannesburg in die goeie ou dae toe ons nog 'n spoorweg gehad het waarop ons trots was! Hierdie aand het dit juis in die af-rigting geloop (Johannesburg na Durban) en ek het aanvaar dat ek daarop wag.

Ek het ook nie lank gewag nie of ek sien die skerp gloed van 'n elektriese lokomotief se hooflig tussen die bome uitslaan. Nie lank daarna nie sien ek die hooflig waar dit om 'n draai in die spoorlyn kom so ongeveer twee kilometer van waar my trein staan.

Die lyn loop op hierdie gedeelte bergaf van regs na links voor my verby. Nadat die hooflig en lokomotiewe verby die opening in die bome hier voor my beweeg het, volg die eerste en daaropvolgende rytuie. Ek sien elke lig aan elkeen van al die rytuie en in die gloed van die ligte tussen die bome, sien ek ook die donker sykant van die kondukteurswa soos dit verby beweeg.

En ek wag. En niks gebeur nie. Die Drakensberg kom nie te voorskyn nie.

En steeds wag ek. Waarom weet ek nie.

Ná ongeveer vyf minute klim ek van die lokomotief af en loop na die telefoon om met die GVB kontroleur op Newcastle te praat.

Die kontroleur, 'n ene Fourie, antwoord die foon en nadat identifisering afgehandel was vra ek hom wat dan van die "groentrein" kon geword het. Daar is 'n stilte aan sy kant en toe sê hy vir my dat die "groentrein" en alle ander treine baie laat is as gevolg van 'n ontsporing naby Standerton en dat ek wag op 'n vakante lyn in Volksrust waarop my trein binnegeleat kan word.

Ek het baie lank daar gestaan en die "groen trein", wat die eerste trein was wat ek daar gekruis het, het eers die volgende oggend om 00h35 daar verby gegaan.

Ek wonder tot vandag toe nog waarom sulke dinge gebeur, hoe dit gebeur en wie dit laat gebeur. Of gebeur dit dalk in 'n mens se kop! Ek weet nie. Dan moet ek mal wees. En ek is nie. Daarvan is ek seker.

STAMBOOM (vervolg)

PIENAAR f.est@lantic.net

Excelsior, Lady Brand omgewing. Dogters Sarie Botha, Hettie van der Linde en Bettie van Niekerk.

SNYMAN mdm.erasmus@gmail.com

TROWER wilsenach@gmail.com
Any member of this family.

VAN DER LINDE f.est@lantic.net

Bloemfontein, Sannaspos, Reddersburg omgewing. Pa was Christiaan Rudolph van der Linde.

VAN DER LINDE lvanderlinde@tasmedicarelocal.com.au

Hendrik Stephanus van der Linde (1804) Gert Johannes Alwyn van der Linde (1826)
Schalk Willem Jacobus van der Linde (1854).

VILJOEN marthav@lantic.net

My man is Jan Holmes Viljoen Viljoen (moeder was ook Viljoen). Sy pa was Johannes Gerhardus, en sy oupa was Jan Hendrik Holmes Viljoen.

WILSE NACH/WILSNACH wilsenach@gmail.com

From J F Wilsenach at Cape onwards.

Dis weer tyd vir KAMMANUUS op 4 JUNIE